



"WANNEER JY 'N AMBULANS HOOR, BID 'N GEBEDJIE"

die volgende advies opgeoffer: "Wanneer jy 'n ambulans hoor bid 'n gebedjie" het hy gesê. "As jy 'n sirene hoor, of dit nou 'n brandweerwa, 'n ambulans of 'n polisie voertuig is, bid 'n kort gebed, want iemand, iewers, verkeer in die moeilikheid.

As jy 'n ambulans hoor, bid vir die siekes. As jy 'n polisie voertuig hoor, bid omdat daar miskien 'n gewelddadige daad besig is om iewers plaas te vind. Wanneer jy die brandweerwa hoor, bid omdat iemand se eiendom waarskynlik aan die brand is. Hierdie gebeure maan ons om uit liefde en in liefdadigheid vir ander te bid."

Nog 'n woordjie van advies wat die Kardinaal gehad het, is ten opsigte van die lui van kerkklokke (daar waar kerkklokke nog toegelaat word om te lui) en veral wat om te doen wanneer die klokke gelui word om 'n sterfte aan te kondig.

Timothy Kardinaal Dolan die aartsbiskop van New York, het onlangs in 'n Twitter-video, Kardinaal Dolan het na eie ondervinding van sy skooldae in die verband verwys: *"Jy het meestal nooit geweet wie afgesterf het nie; jy was in die klas saam met jou klasgenote, maar ons kon die klokke hoor. Dan sou die onderwyser sê: 'Laat ons staan en saam bid: 'Gee hulle die ewige rus, o Here. Laat u oneindige lig oor hulle skyn en mag hulle in vrede rus. Amen.*

Dieselfde gebedjie kan gebed word wanneer jy 'n begrafnisstoet sien verbygaan of naby 'n begraafplaas verbybeweeg. Ons het almal al die hulp nodig wat ons in ons geestelike lewe kan kry. (...) St. Paulus het nie verniet gesê dat die regverdige man sewe keer per dag bid nie."

"WANNEER JY 'N SIRENE HOOR, BID DAN GERUS 'N GEBEDJIE"